# NOORD-TRANSVAAL KUNSAASLIGA

*Sam Huisamen*



*Vlnr. Boet van Rooyen, Henri van Rensburg, Dries van Dyk en Theuns Naude, almal van Pretoria. Kunsaashengel Vereniging met goeie vangstes wat gedurende die afgelope kompetisie gevang is.*

**Op 12 April 1975 is die 3de kunsaasligakompetisie te Hartebeespoortdam beslis.**

**Alhoewel dit die vorige Donderdag heelwat gereën het, het die weer vanaf Vrydag begin opptrek en Saterdag was 'n ideale hengeldag. Sulke skoon water is baie lanklaas op die dam gesien.**

Slegs 6 spesies het in die skaalbakke beland, nl:

2 Swartbaars – gemiddelde massa 0,58 kg.
1 Baber – gemiddelde massa 4,78 kg.
1 Papierbek – gemiddelde massa 0,43 kg.
1 Vleikurper – gemiddelde massa 0,14 kg.
7 bloukurpers – gemiddelde massa 0,153

Van die 12 spanne wat deelgeneem het, het 11 spanne vis ingeweeg. Die huidige puntestand na 3 kompetisies is nou soos volg.

| Span | Vorige punte | Huidige punte | Totaal |
|---|---|---|---|
| 1. Pretoria & Distrikte I | 127,38 | 26,70 | 154,08 |
| 2. Pretoria Kunsaas IV | 88,88 | 29,20 | 118,08 |
| 3. Pretoria Kunsaas I | 75,22 | 38,67 | 113,89 |
| 4. Pretoria Kunsaas II | 77,88 | 35,86 | 113,74 |
| 5. Raad op Atoomkrag I | 65,26 | 26,06 | 91,32 |
| 6. Pretoria Kunsaas III | 36,70 | 26,30 | 63,00 |
| 7. Pretoria Swerwers I | 41,32 | 16,80 | 58,12 |
| 8. Pretoria & Distrikte II | 55,42 | – | 55,42 |
| 9. Pretoria Kunsaas V | 38,76 | 10,20 | 48,96 |
| 10. Pretoria Kunsaas VI | 19,16 | 24,26 | 43,42 |
| 11. Raad op Atoomkrag II | 9,90 | 18,00 | 27,90 |
| 12. Munt I | – | 14,54 | 14,54 |
| 13. Raad op Atoomkrag III | 9,30 | – | 9,30 |

Soos gesien kan word het dit in 'n heel strawwe kompetisie ontaard. Drie van Pretoria Kunsaas I se manne het laat ingeweeg by die voorlaaste kompetisie en dit het hulle redelik duur te staan gekom.

Die kompetisie onder die individuele hengelaars is ook maar moeilik soos afgelei kan word uit die eerste 5 se huidige punte.

| | |
|---|---|
| 1. A. v.d. Merwe (Pretoria & Distrikte) | 50,84 |
| 2. H.J. van Rensburg (Pretoria Kunsaas) | 44,46 |
| 3. R. Reed (Pretoria & Distrikte) | 44,10 |
| 4. D. Oosthuizen (Pretoria Kunsaas) | 41,70 |
| 5. A.S. du Plessis (Pretoria Kunsaas) | 37,86 |

Ná die inweeg het Dr. J. Boomker en mnr. Seaman van die W.N.N.R. al die visse se ingewandes verwyder. Hierdie gaan gebruik word om vas te stel in hoe 'n mate die visse die alge vreet en of dit enige uitwerking op hulle het. Ons vertrou egter dat dit 'n positiewe uitslag sal wees.


Two brilliant additions to the ABU Ambassadeur family...

**the high speed 5500C and 6500C**




*If you appreciate the feel of a beautifully made precision instrument, get your hands on one of the new Ambassadeurs!*

The 5500C's 1:4,66 gear ratio allows you to let the lure travel fast when you're after those fish which prefer a fast-moving lure . . . lets you skim back your lure *in seconds* when you've fished out a cast. The 6500C gives you the same lightning-fast retrieve, but has a larger line capacity. Both models have an elegant graphite grey finish, are heavily chromed and come complete with handsome leatherette carrying cases and spares kits. And, like all Ambassadeur 'C' models, they have dual braking systems, spools that run on ball races and are corrosion-proof throughout.

®ABU

**the tackle that's taking the world over!**

Factory Representative:
**CYRIL CARO (PTY.) LTD.**

*Head Office: P.O. Box 723, Cape Town 8000. Also at P.O. Box 5155, Johannesburg 2000; P.O. Box 2082, Durban 4000; P.O. Box 1222, Port Elizabeth 6000; P.O. Box 1229, Salisbury.*

4615E